

Pyn minder met nuwe tegniek vir operasies

PETRO BOSMAN

Kaapstad

'n Nuwe laparoskopiese prosedure wat gebruik maak van enkel-gaatjie-chirurgie, Single Incision Laparoscopic Surgery (Sils), is vandeeweek die eerste keer in Afrika op 'n pasiënt uitgevoer.

Dr. Jonathan Leith, die spesialis-chirurg wat die operasie by die Panorama

Medi-Clinic gedoen het, sê basies word 'n enkele gaatjie in plaas van verskeie tydens chirurgie gemaak.



“Dit is 'n baie nuwe prosedure waarmee

Dr. Leith met van die nuwe toerusting.

Foto: PETRO BOSMAN

maar die afgelope paar maande in die buiteland begin is. Ek is in September vir opleiding na Frankryk en Woensdag kon ons die eerste galblaasoperasie met die enkel-gaatjie-prosedure uitvoer.”

Die voordele van dié tegniek is dat 'n snit by die naeltjie gemaak word en dit heeltemal onsigbaar is, sê Leith. “Die pasiënt ervaar ook minder trauma deur die buikwand en hoef nie die pyn van byvoorbeeld vier gaatjies te ervaar nie. Die tydsduur is min of meer dieselfde as die gewone prosedure, sowat 45 minute. Ons eerste pasiënt wat die nuwe prosedure vir 'n galblaas ondergaan het, is die oggend ná die vorige middag se operasie al huis toe.”

Tans word die tegniek nog net vir galblaas- en blindedermoperasies gebruik, maar hopelik kan dit in die nabye toekoms in ander gevalle ook gebruik word, sê Leith.

Mense met enige navrae oor dié nuwe prosedure kan Leith bel by ☎ 021 554 5542 of 'n faks stuur na 021 554 8400.